

12 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 11 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 11:1

Die veiligste plek

Ons leef in 'n gevaarlike wêreld! Daarvan weet Dawid alles. Die gevaarlikste bedreiging is wel die vyandskap van mense. Mense wat God nie dien nie, maar in die ban is van God se groot teëstander, Satan. Mense soos sy eie koning, Saul (1 Sam 18 vv), of erger nog, soos sy eie seun, Absalom (2 Sam 15 vv). In Psalm 11 is die toestand blykbaar weer só erg dat die mense hom aanraai om maar wéér te vlug: "Vlug na julle berg soos 'n voël!" Kruip weg, Dawid!

Maar hoor nou wat sê Dawid: "Hoe kan julle vir my sê: vlug ...?" Is dit al raad wat julle vir my het? Natuurlik weet ek wel dat die lewe gevaarlik is, en dat die mense boos en goddeloos is! "Die goddelose span die boog; hulle het hulle pyl op die snaar reggesit om in die donker te skiet na die opregtes van hart" (vs 2). Die haat- en misdadgolf gooi die fondamente van ons lewe om en laat 'n mens magteloos voel (vs 3)!

Dawid sê egter: Ek weet ook nog iets anders. Hierdie dinge kom nie maar net van slegte mense nie. God toets sy kinders ook deur teëspoed en nood! "Die HERE toets die regverdiges ..." (vs 5). En omdat ek dit weet, skuil ek liever by die HERE! Hy regeer: "Die HERE is in sy heilige paleis ..." En Hy het my lief, Hy kyk na my as my Vader (vs 7). En daarom gaan ek in die geloof verder, watter pad God ook al met my wil gaan. "By die HERE skuil ek!"

As gelowiges van ná die kruis en die opstanding weet ons gelukkig nog beter as Dawid hoekom ons by die HERE veilig is, ook in ons wrede wêreld. Christus het ons immers tot sy kinders gemaak, en by die Vader is ons altyd veilig, vir tyd en ewigheid. Deur Hom is ons die "opregtes" gemaak wat God se "aangesig sal sien". Ons hoef nie paniekerig en kleingelowig te wees nie. God het bewys dat Hy ons vashou. Vashou met die kruishande van sy Seun!

Sing: Psalm 84:2 (Totius)

Ds LH Stavast (Emeritus)